DEEL 118 | WEEK 10 | 6 MAART 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Entstof hier: Heilbron se beesboere kry hoop

Ná maande van spanning en onsekerheid is daar uiteindelik goeie nuus vir plaaslike beesboere: die bek-en-klou entstof is nou beskikbaar, en inentings het reeds in die distrik begin.

Dr. Piet van Zyl, plaaslike veearts van Heilbron, bevestig dat die eerste kuddes Maandag ingeënt is. "Ongeveer 250 beeste is Maandag alleen ingeënt," sê hy. "Dit is 'n groot stap vorentoe vir ons boere."

Die uitrol van die entstof volg 'n risiko-gebaseerde strategie. Dit beteken boere in 'n 10 km-radius van buffels – wat as groot draers van bek-en-klou beskou word – sal eerste op die prioriteitslys wees. Ook melkboere, varkboere en produsente wie se vee positief getoets het, geniet voorkeur.

Boere moet skriftelik aansoek doen op die voorgeskrewe vorm vir bek-en-klou inenting. Beide die grondeienaar en die eienaar van die diere moet die dokument onderteken. Die plaaslike staatsveearts moet die aansoek ondersteun voordat dit na die Provinsiale Direkteur gestuur word vir finale goedkeuring.

Indien 'n boer nie wil wag vir die staatsveearts nie, kan 'n privaat veearts op die aansoekvorm aangedui word. Die privaat veearts moet egter met die plaaslike staatsveearts saamwerk en onder leiding van die staat optree. Hierdie opsie kan vir die boer ekstra koste beteken.

Dis belangrik om te onthou dat al het 'n kudde bek-en-klou, boere steeds aansoek kan doen, maar dat dit op die vorm aangedui moet word dat daar kliniese tekens of positiewe toetsuitslae van bek-en-klou op die plaas mag wees. Plase wat reeds besmet of verdag is, bly onder streng staatskwarantyn.

Elke ingeënte dier moet 'n unieke identifikasiemerk hê wat op 'n databasis geregistreer word. Daar sal geen addisionele bewegingsbeperkings op vrywillig ingeënte diere wees nie, behalwe die vereiste van lewenslange naspeurbaarheid.

Boere moet hul kuddes gereeld monitor, met opvolginspeksies deur 'n veearts om te bevestig dat daar geen tekens van die siekte ontwikkel nie.

Omdat elke provinsie slegs 'n beperkte hoeveelheid entstof ontvang het, word boere aangeraai om so gou moontlik aansoek te doen.

Vorms kan verkry word by jou plaaslike privaat veeartse of staatsveearts. Vorm kan ook hier ingedien word.

Vir Heilbron se landbougemeenskap bring die eerste 250 ingeënte beeste meer as net beskerming – dit bring hoop. Ná 'n moeilike tyd begin boere nou weer vorentoe kyk, met die wete dat daar daadwerklik opgetree word om hul kuddes en hul toekoms te beskerm.

NG Moedergemeente
Saterdag, 7 Maart
vanaf 09:00 solank voorraad hou ...
Basaar
• Plaasontbyt word bedien vanaf 09:00 tot 10:00
• Pannekoek
• Poedings
• Varsgebak
• Kerrie-en-rys
• Vetkoek
• Aartappelskroewe
• Braaivleis
• Vleistafel



BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!



HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Wêreld Tiener Geestesgesondheid – 2 Maart 2026

Op 2 Maart 2026 is Wêreld Tiener Geestesgesondheid wêreldwyd gevier, ‘n dag wat spesiaal toegewy is aan die geestelike welstand van tieners. Hierdie dag herinner ons dat jongmense se emosionele gesondheid net so belangrik is soos fisieke gesondheid en dat bewusmaking, ondersteuning en selfversorging van kardinale belang is.

Volgens die American Psychological Association het Generasie Z, die groep wat ongeveer tussen 1997 en 2012 gebore is, tans die swakste geestesgesondheid van enige generasie. Tog is hierdie tieners vasbeslote om ‘n verskil te maak. Navorsing deur YPulse wys dat 64% van Gen Z streef na ‘n gesonder leefstyl, insluitend beter selfversorging, en dat 94% geestesgesondheid as baie belangrik vir hul algehele welstand beskou.

Wie is Gen Z? Generasie Z is die eerste generasie wat van kleins af grootgeword het met digitale tegnologie en sosiale media. Hulle is tegnologies vaardig en toegerus om vinnig toegang tot inligting te kry. Hierdie jongmense is dikwels selfbewus, sosiaal bewus en uitgesproke oor gelykheid, diversiteit en sosiale geregtigheid. Hulle is bewus van die wêreld rondom hulle en streef daarna om positiewe verandering teweeg te bring. Tog maak die konstante blootstelling aan sosiale media en die druk om “perfek” te wees hulle ook meer kwesbaar vir angs, depressie en ander geestesgesondheidsprobleme.

Tiener geestesgesondheid verwys na die emosionele, sosiale en psigologiese welstand van jongmense. Dit beïnvloed hoe hulle voel, dink en optree in die daaglikse lewe, hoe hulle stres hanteer, en hoe hulle verhoudings met familie, vriende en gemeenskap bou. Gesonde geestesgesondheid help tieners om uitdagings aan te pak, gesonde verhoudings te ontwikkel en hul volle potensiaal te bereik.


Ouers, versorgers en opvoeders moet oplettend wees vir moontlike tekens van geestesgesondheidsprobleme by tieners. Hierdie kan insluit veranderde eet- of slaapgewoontes, terugtrek van vriende en familie, toename in hartseer, angs of prikkelbaarheid, verminderde skoolprestasie of motivering, en in uiterste gevalle selfbeskadiging of praat oor selfdood. Dit is belangrik om hierdie tekens nie te ignoreer nie en vinnig ondersteuning te bied.

Op Wêreld Tiener Geestesgesondheid word tieners aangemoedig om selfversorging te oefen en vriendelik teenoor hulself te wees. Selfversorging beteken nie net om fisies gesond te wees nie, maar sluit ook emosionele en geestelike praktyke in soos meditasie, sport, kreatiewe aktiwiteite en tyd saam met vriende en familie. Ouers en gemeenskappe kan help deur ‘n veilige omgewing te skep waarin tieners hulle gevoelens kan deel sonder oordeel, deur oop en ondersteunende kommunikasie aan te moedig, en deur toegang tot professionele hulp, soos beraders, maatskaplike werkers en sielkundiges, beskikbaar te stel.

Die stigma rondom geestesgesondheid kan tieners keer om hulp te soek. Daarom is dit belangrik dat jongmense en volwassenes hulle stories deel en wys dat dit reg is om nie altyd okay te voel nie. Sosiale media kan ‘n kragtige hulpmiddel wees om bewusmaking te verhoog, en jongmense word aangemoedig om te deel hoe hulle ontspan, herlaai en hul geestesgesondheid versorg met die handelsmerk #WorldTeenMentalWellnessDay.

Wêreld Tiener Geestesgesondheid is in 2020 deur Hollister gestig en word sedertdien jaarliks op 2 Maart gevier. Dit herinner ons dat tieners nie alleen is in hul emosionele uitdagings nie, en dat bewusmaking, leiding en selfversorging kan help om ‘n hele generasie se geestesgesondheid te verbeter. Gen Z tieners is bewus van hul eie welstand en neem aktief stappe om hul geestesgesondheid te verbeter, maar hulle benodig steeds ondersteuning, leiding en ‘n veilige omgewing om te floreer.

# Bronnies oppad Vrystaat toe!!




# UIT DIE PEN: Week 10



Ek het weereens hierdie week ’n les geleer: mense luister nie meer nie. Of hulle hou aan vrae vra totdat hulle die antwoord kry wat hulle wil hê.

Dit herinner my aan ’n paar e-posse wat ek in 2020, binne-in die gevreesde covid. Die dame het gevra hoekom haar kind ’n sekere stuk werk moet leer. Ek het vriendelik verduidelik. Die dame vra toe weer hoekom haar kind ’n sekere stuk werk moet leer. Ek het weer verduidelik. Die dame vra die derde keer: hierdie keer sê ek dat ek jammer is dat ek nie die antwoord wat sy verwag het, kan gee nie.

Daarna kry ek nog ’n e-pos van haar af. In die onderwerplyn staan daar: “Verskeie e-poste.”

As jy nie eers weet dat die meervoud van e-pos “e-posse” is nie, het ek ook nie meer hoop nie.

Ek kan nie eers die strekking van die laaste e-pos (van verskeie e-poste) kan onthou nie. Maar sy wou nie luister nie. Sy het aanmekaar dieselfde vraag gevra, ten spyte daarvan dat sy die antwoorde reeds in die eerste e-pos gekry het.

Hierdie week praat ek met iemand wat navraag doen oor ’n adres. Ek verduidelik dat die gebou geleë is by die hoofingang van die Universiteit van Pretoria en oorkant Pretoria Oos Laerskool is.

Nadat ek alles verduidelik het, vra sy wat die naam van die skool is. Ek sê weer: Pretoria Oos Laerskool. Ja, sy weet dat dit die skool is. Maar wat is die naam van die skool? Ek sê dit is Pretoria Oos Laerskool.

En van watter Universiteit praat ek van? Ek het gesê dat dit die Universiteit van Pretoria is.

En jou waarlik vra sy my weer: Wat is die naam van die skool?

Dit is Pretoria Oos Laerskool. Ek maak uitroeptekens in my kop terwyl ek dit sê.

Die *Ingelse* sê mos: I pack my case.

Ons het ’n sperdatum vir inskrywings vir ’n sekere eksamen. Ons kommunikeer die sperdatum al vanaf Oktober 2025. Onthou, sê ons, die sperdatum is 27 Februarie 2026 om 16:00.

Ons kry e-posse (verskeie e-poste, soos daardie ander antie gesê het) vanaf verskillende mense: hulle het probeer om Saterdag, 28 Febuarie 2026 vir die eksamen te registreer, en hulle was onsuksesvol. Hoekom? En niemand het hulle ooit gesê dat die sluitingsdatum ’n dag voor die einde van die maand is nie.

En hoekom het julle nie gewag tot die einde van die maand nie, vra iemand. Hoekom het julle ons nie laat weet nie, vra ’n ander. Niemand het my ooit gesê nie, sê iemand anders.

Want ons het al wat ’n platform gebruik om julle te laat weet. Moes ons ’n vliegtuig met ’n banier dwarsoor die hele land stuur om die boodskap uit te basiun? Ek wonder net, ek het dit nie regtig gevra nie.

Dalk ’n lugballon met ’n gedrukte banier.

Leerders moet vir sekere praktiese vakke ’n kunsstuk inhandig. Wanneer hulle inskryf vir die eksamen, kry hulle al die inligting aangaande die tydperk waarin die kunsstuk voltooi moet word. Hulle kry die tema en moet hulle beplanning doen.

Hulle word ook ingelig dat hulle die kunsstukke weer kan terug vra indien hulle die kunsstuk weer wil terug hê. Maar daar is ’n sperdatum. Hulle het tot ’n sekere dag om die kunswerke terug te vra.

Dan gebeur die eksamen: Tydens die spesifieke periode moet hulle die kunsstuk voltooi. Daarna moet die voltooide werk aan ons gestuur word sodat ons dit kan evalueer. Daarna kan die persoon dit weer aanvra. Tot op ’n sekere datum.

Gister stuur iemand ’n e-pos: sy wil haar kunswerk hê. Maar juffrou, skryf ons toe terug, jy moes al lankal gevra het dat ons dit vir jou moet terugstuur, maar jy het dit nie gedoen nie.

Maar hoekom het ons haar nie laat weet nie, wil sy weet. Hierby aangeheg, sê ons, is die kommunikasie. Maar sy het nooit ontvang nie, sê die dame. Maar juffrou, sê ons, hier is die datum waarop die kommunikasie aan jou gestuur is.

Mense lees nie. Einde van die storie. Dit kan mense se lewens kos.

Dit raak al hoe moeiliker vir mense om instruksies te volg en te doen soos wat hulle wil. En wanneer hulle nie tevrede is met die antwoord nie, of wanneer die antwoord nie dit is wat iemand wou hê nie, hou hulle aan om dieselfde vraag te vra totdat hulle die antwoord kry wat hulle wou hê.

Of dit is wat hulle dink.

Ek het gelees dat daar twee vrae is waarop mense gewoonlik verkeerd antwoord. Die eerste vraag is: Hoe gaan dit met jou? En ons verwag iemand gaan sê dat dit goed gaan, dis hoekom ons dit soms hoor.

Die tweede vraag is: Het jy die voorwaardes van gelees? En die meeste mense kliek op “ja”, alhoewel hulle dit nooit gelees het nie. Want lees het moeite geword.

Ek kan dit ook by myself sien: wanneer daar ’n langerige pos op Faceboek is, beweeg ek dadelik na die volgende pos, wat dalk ’n foto en ’n korter boodskap bevat, want dit is bloot net makliker om te lees en te verstaan.

Ek dink dit is weer tyd dat ons meer lees, en lees met begrip. Want dit gaan ook niks help om te lees en te lees en nie verstaan nie.

Nou wonder ek of iemand bogenoemde sal gaan lees?

# Matrieks van 1966 vier 60-jaar Reünie

• *Magriet Lotz*

Ons is die klas van ’66 en na 60 jaar kom ons op 21 Februarie 2026 bymekaar. Veertien stuks het in lewende lywe die oorspronklike vyftig verteenwoordig en saam met hulle gades en/of metgeselle was ons altesaam 23 wat kom feesvier het, terwyl nog 11 klasmaats vanaf die WhatsApp-paviljoen geesdriftig meegeleef en van heinde en verre boodskappe gestuur het.

Hierdie byeenkoms by die pragtige Sunwa Rivieroord naby Parys het onder Elizabeth (Tienie Roets) Hentschel se bekwame beplanning en uitvoering volledig aan verwagtinge voldoen: saamkuier in 'n "sielslawende" omgewing met heerlike etes en 'n windstil Saterdagaand by 'n gesellige vuur met die rivier wat saggies ruis.

Elna (Wessels) van Rooyen het haar onderwys- en pastoriebekwaamheid ingespan om die tye, spreekbeurte, tafelgebede en heildronke van die gemaklike kuierprogram te laat vloei en almal betrokke te hou.

Beenke Douwenga, die groep se professionele fotograaf, het na die Kaap verhuis en was vir die eerste keer nie teenwoordig nie. Kobie (Els) Fick se dogter Jacqueline, advokaat van beroep en spesialis in kuberveiligheid, het as ons fotograaf opgetree en met groot bekwaamheid gesorg dat die geleentheid in foto’s vasgelê word.

Nadat Tienie die gaste verwelkom het, het Frikkie Els hulde gebring aan Daan Meyer, ons hoofseun in 1966, wat op 21 Desember 2025 oorlede is. Daarna het Marieta (van der Merwe) Els die name voorgelees van die 14 klasmaats wat ons groep reeds ontval het en vir 'n minuut van stilte gevra.

Die geselskring voor middagete, gelei deur Elna, was 'n geleentheid waar elkeen met 'n onvoorbereide spreekbeurt spontaan kon opsom hoe die tiener van toe tot die teenswoordige waardige pensioenaris gevorder het. Die vertellings is later die middag aangevul toe Elize herinneringe aan die Witskool, die Rooiskool en die Willem Pretorius Hoërskool opgeroep en ander daarby aangesluit het.

Dit was mooi spontane stories van dankbaarheid wat met beskeie trots en waardering in hierdie kring gedeel en ontvang is. Ons hoor van studiedrome, jong romanse, wat vroeër of later verwesenlik is, loopbane, diensplig / kommandoverpligtinge, lewensdeure wat oop of toe gaan, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders, lief en leed wat elke individuele pad 'n persoonlike lewensreis van volharding, dankbaarheid en vertroue te maak.

Kosbare laerskoolstories het herinneringe teruggebring, o.a. aan onderwysers wat 'n onvergeetlike indruk gemaak het: mevv M Leahy en Kotie Els (Kobie se ma wat steeds in haar eie huis in Heilbron woon) vir sub A en later ook sub B, mnre CJ Kleyn (hoof) en SF Jordaan (onderhoof), terwyl liefde vir besondere vakke gekweek is deur leerkragte wie se vanne in die geheues bly leef, o.a. Kinnie Smit, Kriel, Brandt, Notley, Bredenkamp – vasgelê deur voorbeeld of daardie onverbiddelikke houtliniaal op die handpalms as jou optrede nie lynreg was nie.

Vertellings oor die hoërskooldae en koshuislewe het ons langs herinneringslaan laat loop: Vrydae se netjiese kadette en die orkes wat luister aan geleenthede kon gee, talle sportbyeenkomste, ACSV, volkspele, konserte, debatte, huiswerk en spanningsvolle eksamentye – op 'n keer, in Junie 1964, dramaties, maar kortstondig deur sneeu onderbreek. Daar was baie ondeunde poetse en kattekwaad, maar alles binne 'n raamwerk van veiligheid, dissipline en toegewyde onderwysermentors – o.a. die twee skoolhoofde mnre. JC (Koos) Steenkamp en P Wessels, en verder mnr H van Garderen (Wetenskap), P de Bruin (“Wat werd is om te doen, is werd om goed gedoen te word” – ook toe die seuns hom in sy koshuiswoonstel toesluit!), Herr le Roux (Duits), mnr J de Wet (”swaarkry met lekkerkry klaarkry…”), Sir Cliff Marshall (“Et tu, Brute?”) en die gewilde mnr Buks Marais (Liggaamsopvoeding / LO).

In ons matriekjaar is dit Republiekfees - vyf jaar! Ons sing in massakore, doen kleurvolle ritmiese spele wat met besondere logistiek skole van oral in die Vrystaat tot een besondere Bloemfonteinvertoning saamsnoer. En terwyl ons in September met Julius Caesar vir die eindeksamen gedril word, word ons eie parlementsgebou die teater van 'n mesmoord – so groei ons saam met die land se geskiedenis wat diep indrukke laat.

Te midde van onluste en politieke woelinge het ons kinders grootgemaak en gebou aan loopbane in strukture soos Sasol (Johan), Eskom (Andrew), staal- en mynbedryf (Frikkie), Clover (Kobus), boerdery (Lukas en Kobus), waterwese (August), diplomatieke diens (Danie), Beenke (wat as fotograaf die familiebesigheid Mardo Foto’s uitgebou het), Bill (wie se pad na skool uiteindelik na Amerika gelei het waar hy ŉ loopbaan uitgebou en hom saam met sy vrou Lyla in Jacksonville gevestig het), Gita (Zietsman) Swart (bankwese in Sasolburg en later kerkorrelis in Heilbron), Wilhelmine (Oosthuizen) Corbett (wat as sekretaresse van die Heilbron Hoërskool - soos ons alma mater sedert 1996 bekend staan – o.a. baie moeite gedoen het om die biblioteekboeke van vernietiging te red), maatskaplike werk (Cila), werksaamhede rondom kerk en kinderhuis (Pieta), biblioteekwese (Magriet), en onderwys op talle vlakke : Christo (“Prof”) Fourie, Madeleine (later by ABSA), Mariëtte, Marieta, Sarah, Elna, Elize, Kobie en Tienie.

Ons doen besondere dinge: As veearts het Kobus Hendriks die eerste dierehospitaal in SA in Kroonstad gebou, eerste embrio-oorplasings en bevriesings gedoen en ook as Vrystaat en Nasionale Boer van die Jaar hoogste erkennings ontvang. Cila en haar eggenoot Eben het 15 jaar lank kinderhuiskinders hul eie gemaak en die lewe vir hulle laat oopvou en deel steeds in talle se lief en leed, terwyl Sophie (Claasen) Spies 38 jaar lank Huis Bron-van-Heil met toewyding en bekwaamheid bestuur het. Tienie, wie se matriekuitslae haar die Standard Bank-toekenning vir die hoogste punte in die Vrystaat besorg het, het haar taalstudie voortgesit aan die Potchefstroomse Universiteit, in Duitse Taal- en Letterkunde gespesialiseer, navorsing gedoen aan die Universiteit Tübingen en 38 jaar lank as dosent en later professor aan die NWU (soos die Potchefstroomse Universiteit sedert 2004 bekend staan) gewerk. Na die rasionalisasie van verskeie departemente in 1993, o.a. Duits, het sy as enigste oorblywende dosent met die herstrukturering van die bestaande kursusse en die ontwerp van 'n kursus in Sakeduits, daarin geslaag om die studentegetalle sodanig op te stoot dat die vak Duits in 1994 weer volwaardige erkenning gekry het. Ons almal het mettertyd ook geleer wat dit beteken om ons weg te vind in 'n land waar misdaad en geweld hoogty vier, maar onsself nooit as slagoffers te sien nie en altyd weer op te staan. Sommige het geweldadige huisaanvalle oorleef, o.a. Kobus, Kobie, Marieta en Tewes, terwyl Lukas en Estna die pyn beleef het om 'n seun in 'n huisaanval aan die dood af te staan.

Ons is kinders van die tweede helfte van die 20ste eeu en het besondere ontwikkelinge beleef, soos bv. die Derde / Digitale Revolusie (vanaf 1969), die eeuwending en die Vierde Industriële Revolusie, o.a. met kunsmatige intelligensie, kuberruimtes en robotte. Ons moet kopskuiwe maak in die 21ste eeu en soms voel dit of dinge onder ons uit wil beweeg, maar vir een heerlike naweek in die eeue-oue Koepel Bergland was ons sommer net medemense en deernisvolle tydgenote.

Die uwe, die skrywer van hierdie artikel, is bevoorreg om in 2018 te kon terugkeer na Heilbron en so 'n sirkel te voltooi. Een oggend, vroeg in 2026, stap ek op die skoolterrein met die derde geslag Hendriksdogtertjie wat vol selfvertroue wys waar haar Gr R-klassie is. Ek beleef weer die stewige netjiese gebou en terrein wat sedert 1956 die kweekhuis is vir waaisaad wat jaarliks wyd waai en elke jaar nuwe ruimte bied vir toegewyde onderwysers om te bly plant en bou, en onthou: *Don’t limit a child to your own learning, for he was born in another time – Tagore*.

Magriet (de Lange) Lotz en Tienie (Roets) / Elizabeth Hentschel.



*Vlnr agter: Kobus Hendriks, Johan van Zyl, August Weilbach, Andrew Anderson, Lukas van Vuuren Vlnr voor: Magriet Lotz (de Lange), Mariëtte van Zyl (van Niekerk), Frikkie Els, Kobie Fick (Els), Marieta Els (van der Merwe), Elize Oosthuizen (Smit), Tienie /Elizabeth Hentschel (Roets), Elna van Rooyen ( Wessels), Cila du Preez (Roux).*







# Noot vir Noot met kriptiese leidrade





Die Huppel Trippel-lede het Februarie afgesluit met 'n heerlike oggend van saamdink, saam raai en saamsing. 'n Paar nuwe lede het die 'vibe' kom uittoets; en sal hopelik gereeld terugkom. Die enigste leidraad waarmee die lede nie raad geweet het nie, was: " 'n Chris Blignaut-liedjie wat skynbaar deesdae ook deur een van Binnelanders se aktrises gesing word. Leidraad: Sy wou baie graag Engels praat. Haar kêrel se naam was Jan". Het jy hom gekry? *Jan, asseblief tog, sqeeze my*.

Op 10 Maart het ons 'n speletjies-oggend. Pak jou lagspiere in.

# Ontspanne plaasatmosfeer by skietkompetisie

Hoërskool Heilbron het op 21 Februarie 2026 'n skietkompetisie op die Plaas Kalkfontein aangebied, waar deelnemers van verskillende ouderdomsgroepe hul vaardighede kon meet.

Die program het bestaan uit verskeie kategorieë, naamlik .22-geweer, Jaggeweer/PRS, Kleiduif en "Long Range". Deelnemers het reeds vroeg die oggend aangemeld, waarna die dag se verrigtinge begin het.

Leerders en volwassenes het saam deelgeneem en hul mik- en hanteringsvaardighede getoets. Toeskouers het die dag in 'n ontspanne plaasatmosfeer geniet, terwyl die kompetisie vlot verloop het.

Die fokus van die dag was nie net op prestasie nie, maar ook op veilige wapenhantering en verantwoordelike deelname. Die geleentheid het terselfdertyd 'n sterk gevoel van gemeenskapsgees bevorder.

Die skool spreek hul dank uit teenoor almal wat betrokke was by die reëlings en toesig, asook elke deelnemer wat bygedra het tot die sukses van die dag.

***Foto erkening: Hilde Roos (HNW Photography)***






***Huweliksbevestiging: Hendrik & Leandri Pretorius***
*Met groot vreugde en dankbaarheid word die huwelik van Hendrik en Leandri Pretorius aangekondig. Die egpaar is op 27 Februarie 2026 in die huwelik bevestig. Leandri is 'n inboorling van Heilbron en Hendrik van Komatipoort. Dankie aan Donsveertjie Gasteplaas en Venue, wie se besonderse gasvryheid en keurige fasiliteite bygedra het tot 'n onvergeetlike dag.*

# Heilbron drawwers wys hul staal

'n Hele paar van Heilbron se toegewyde drawwers van die Heilbron Drafklub het op 1 Maart die wind, weer en reën aangedurf om deel te neem aan die gewilde Cape Gate Vaal Marathon. Ten spyte van uitdagende toestande het die groep hul staal gewys en met vasberadenheid die wedloop aangepak.

Christel Schoeman, JP Botha en Simon Germishuys het die dag ernstig opgeneem en die volle 42,2 km-marathonafstand aangepak. Christel bou tans momentum op terwyl sy wag vir haar volgende groot uitdaging, terwyl JP weer daarop fokus om te kwalifiseer vir die legendariese Comrades Marathon. Simon se oë is op 'n nóg groter droom gerig, naamlik om die wêreldbekende Two Oceans Marathon aan te durf.

Hoewel die marathonafstand ernstige toewyding verg, was die dag nie nét oor kompetisie nie. Ander klublede het die 21 km- en 10 km-afstande aangepak — sommer net vir die liefde van hardloop en die lekkerte van saamwees. Lag en kameraadskap was volop, selfs tussen reëndruppels en sterk wind. Die deelname van soveel plaaslike atlete is 'n bewys van die groeiende hardloopgees in Heilbron. Of dit nou vir kwalifisering, persoonlike doelwitte of bloot vir pret is — die dorp se drawwers hou aan wys dat geen weerstoestand hul passie kan demp nie.

Heilbron kan met reg trots wees op sy hardlopers wat die dorp se naam hoog hou, een tree op 'n slag. Heilbron se drafklub nooi enige persone wat wil aansluit om Saterdae saam te draf.

Vir meer inligting kontak JP Botha op 072 881 6098.






# Mnr. Marius Botha verwerf Doktorsgraad in filosofie

Hoërskool Heilbron het rede tot groot trots nadat mnr. Marius Botha onlangs sy Doktorsgraad in Filosofie met spesialisering in Beleidstudies aan die Departement Onderwysbestuur, Beleid en Vergelykende Onderwys verwerf het.

Mnr. Botha se studie het gefokus op die implementering van die Sifting-, Identifisering-, Assessering- en Ondersteuningsbeleid (SIAS) (2014) in geïntegreerde skole. Die SIAS-beleid speel 'n kernrol in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel deur riglyne te verskaf vir die identifisering en ondersteuning van leerders wat addisionele leerbehoeftes het.

Die navorsing is binne 'n interpretivistiese paradigma aangepak en het spesifiek gekyk na die ervarings van lede van Skoolgebaseerde Ondersteuningspanne (SBST's). Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en deeglike dokumentanalise is waardevolle data ingesamel. Hierdie proses is verder versterk deur 'n omvattende literatuuroorsig oor inklusiewe onderwys en relevante Suid-Afrikaanse beleidsraamwerke.

Volgens die bevindinge bestaan daar 'n merkbare gaping tussen die doelwitte van die beleid en die praktiese implementering daarvan in skole. Hoewel die beleid duidelik rigting gee, ervaar skole dikwels uitdagings met hulpbronne, kapasiteit en voldoende ondersteuning.

Op grond van sy navorsing doen dr. Botha verskeie aanbevelings. Dit sluit onder meer in verbeterde hulpbronverspreiding, versterkte professionele ontwikkeling vir opvoeders, asook nouer samewerking tussen skole, ouers en die Departement van Basiese Onderwys.

Hierdie akademiese prestasie getuig nie net van deursettingsvermoë en toewyding nie, maar dra ook betekenisvol by tot die gesprek oor inklusiewe onderwys in Suid-Afrika. Die gemeenskap wens dr. Marius Botha van harte geluk met hierdie besondere mylpaal en is trots op sy bydrae tot die onderwyssektor.




# Kleuterkasteel se heel eerste Pretdraf en Stap

Kleuterkasteel se heel eerste Pretdraf en Stap, wat Saterdag 21 Februarie plaasgevind het, het alle verwagtinge oortref en 'n feestelike atmosfeer in die gemeenskap geskep. Inwoners, gesinne en sportliefhebbers het reeds vroegoggend saamgetrek by die Iceberg Truckstop, waar die wegspring plaasgevind het.

Die oggend is gekenmerk deur opgewondenheid en gemeenskapsgees, met 'n mooi mengsel van ervare hardlopers en eerste-keer deelnemers wat die pad aangepak het. Van ernstige 10 km-atlete tot gesinne wat saam die 5 km aangepak het, was daar vir elkeen iets om aan deel te neem.


In die 10 km-wedstryd het die deelnemers behoorlik gewys wat in hulle steek. WC Mynhardt het eerste oor die eindstreep gekom en die wenposisie ingeneem, gevolg deur Christel Schoeman in die tweede plek en Riaan Dreyer wat derde geëindig het.

Die 5 km-wedloop het ewe veel entoesiasme opgelewer. Mia Krouwkamp het die eerste plek behaal, met Janco Krouwkamp tweede en Tanya van Rooyen derde. Die wedloop was veral gewild onder gesinne en jonger deelnemers, wat die geleentheid gebruik het om saam aktief te wees. Die aflos-kompetisie het vir ekstra opwinding gesorg. Die span van Brinelda Boerdery het die eerste plek losgehardloop, terwyl Telwiedre Voere tweede geëindig het en Alpha Dierekliniek derde.

Organiseerders van Kleuterkasteel het hul dankbaarheid uitgespreek teenoor almal wat 'n hand bygesit het om die dag moontlik te maak. Spesiale dank is gerig aan die borge — L&T Boerdery, Iceberg Truckstop, Sensako en VKB — asook aan die vrywilligers en deelnemers wat met hul entoesiasme bygedra het tot die sukses van die dag.

Met só 'n sterk begin lyk dit asof Kleuterkasteel se Pretdraf en Stap bestem is om 'n vaste hoogtepunt op die plaaslike kalender te word — 'n geleentheid wat nie net fiksheid bevorder nie, maar ook die gemeenskap nader aan mekaar bring.














Vir die stroop van Mielies en Sojas

Koos Engelbrecht
082 388 2277

# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF INTENTION TO APPLY IN TERMS OF SECTION 27

Read with Section 31 for registration

**FREE STATE GAMBLING, LIQUOR AND TOURISM ACT NO. 6 OF 2010 (AS AMENDED)**

Notice is hereby given that **MARLIZE NAUDE** intends to lodge an application on a date to be published in the Provincial Gazette, particulars of which appear hereunder:

Municipality: Ngwathe Local Municipality
Full names, street and postal address of applicant and identity number: **Marlize Naude, ID No. 7403060071080, Farm Witklip, Heilbron, 9650**
Kind of registration applied for:
Restaurant Liquor Licence
Kind of product to be sold/manufactured: All Kinds
Name under which business is to be conducted and full address of premises: **Mi Amor Gasteplaas En Venue, Farm Witklip, Heilbron, 9650**
Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship: Heilbron High School – more than 10 km, NG Moedergemeente Heilbron – more than 10 km, Franklin Creek (similar registered premises) – more than 10 km

Any person may, within 21 days from 6 March 2026 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full name, identity number, residential address, postal address, and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of the office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is 85 Henry Street, Westdene. Bloemfontein, 9301.

**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**E-MAIL: admin@jansenprokureurs.co.za**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ROBERT MONKHE MOKOENA,**
Identiteitsnommer: 490716 5705 08 0, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Kareestraat 10, Reitz, 9810, Wewenaar.
**DATUM VAN AFSTERWE: 29 DESEMBER 2025**
**BOEDELNOMMER : 000820/2026**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HESTER SOPHIA NEETHLING,**
Identiteitsnommer: 460908 0006 08 7, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, Weduwee.
**DATUM VAN AFSTERWE: 12 JANUARIE 2026**
**BOEDELNOMMER : 000886/2026**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Nr. T4482/2024** passed by **Susanna Elizabeth Bester, Identity Number 290218 0008 086,**
Unmarried in favour of
**TREVOR JONGA**
**Born on 30 November 1965**
Married, which marriage is governed by the laws of Zimbabwe
In respect of certain Portions 279, 284, 229, 226, 227, 228, 282, 283, 292, 230 and 280 Weltevreden Settlement, District Koppies, Province Free State which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such a copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies 27 February 2026.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A KERK STREET, P.O BOX 21, KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 777 1884**
**E-MAIL: koppies@corven.co.za**


Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.






Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033
of heraldnuus@heilbron.co.za




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

TE HUUR
Rooigras weidig te huur.
Kontak 083 688 8256

### NOTICE IN TERMS OF THE NGWATHE LOCAL MUNICIPAL LAND USE PLANNING BY-LAW, 2018, READ WITH THE SPATIAL PLANNING & LAND USE MANAGEMENT ACT (ACT 16 OF 2013) (SPLUMA) IN RESPECT OF THE REMAINDER OF PORTION 1 OF THE FARM JAMAICA NR 426, HEILBRON.

I, Mr. Lourens Erasmus of Erasmus Land Surveyors, being the authorised agent of the owner of the Remainder of Portion 1 of the Farm Jamaica, Heilbron, situated 2 km south west of Heilbron, hereby give notice in terms of Section 49 of the Ngwathe Local Municipality Municipal Land Use Planning By-Law, 2028, that I have applied for the subdivision of the Remainder of portion 1 of the Farm Jamaica No 426 according to Section 16(2)(a)(v) Ngwathe Local Municipality.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the offices of the Ngwathe Local Municipality, Senior Town Planners, 2 Allenby Street, Parys, for 30 days from date of first publication. Members of the public can submit comments, objection or representations in writing to the Municipal Manager, at the abovementioned address, or email to: Qalin@Ngwathe.co za within 30 days from date of first publication. Any person who cannot write may come to the office of the Senior Town Planners, where a staff member will assist those persons by transcribing their comments, objections or representations. All persons who submit objections, comments or representations will be notified if a hearing will be held in respect of the application.

**Date of first publication 6 March 2026. Closing date: 6 April 2026.**
**Please note that any objections that are received after the closing date will be disregarded.**
**Address of the agent: Erasmus Land Surveyors, 9 Kruis St, Parys.**

### KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 49 VAN DIE NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT MUNISIPALE GRONDGEBRUIK BEPLANNING VERORDENINGE, 2018, TEN OPSIGTE VAN DIE RESTANT VAN GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS JAMAICA NR 426, HEILBRON.

Ek, Mr. Lourens Erasmus van Erasmus Landmeters, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Restant van Gedeelte 1 van die plaas Jamaica No. 426, Heilbron, geleë 2 km suidwes van Heilbron, gee hiermee kennis, ingevolge van Artikel 49 van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit Munisipale Grondgebruik Beplanning Verordeninge, 2018, dat ek by die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het, ingevolge Artikel 16(2)(a)(v) van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit Munisipale Grondgebruik Beplanning Verordeninge, vir die onderverdeling van die Restant van Gedeelte 1 van die plaas Jamaica Nr 426, Heilbron.

Alle relevante dokumente met betrekking tot die aansoek sal gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Senior Stadsbeplanners, Allenby straat 2, Parys, vir 30 dae vanaf die datum van die eerste publikasie ter insae lê. Enige persoon wat wil bewaar maak teen die aansoek of vertoë in die verband wil indien, tesame met die redes daarvoor, moet dit skriftelik by die Munisipale Bestuurder by bogenoemde adres indien, of per epos aan Qalin@ngwathe.co.za, binne 30 dae vanaf die datum van die eerste publikasie. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan gedurende kantoorure na die kantoor van die Senior Stadsbelanner kom, waar 'n personeellid daardie persone sal bystaan deur hulle besware, kommentaar of vertoë neer te skryf. Alle betrokke partye sal skriftelik in kennis gestel word van 'n inspeksie of verhoordatum.

**Datum van eerste publikasie: 6 Maart 2026.**
**Sluitingsdatum vir enige besware: 6 April 2026.**
**Neem asseblief kennis dat enige besware wat na die sluitingsdatum ontvang word, nie in ag geneem sal word nie.**
**Adres van die agent: Erasmus Land Surveyors, Kruisstr 9, Parys.**






# SMALLS

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub hou suksesvolle fondsinsameling vir Interdistrikte

Die Heilbron Rolbalklub het verlede week Donderdagaand 'n suksesvolle rolbalkompetisie aangebied ten bate van twee van hul eie spelers, Hannalie Claassen en Sonja Muller, wat binnekort aan die gesogte Interdistrikte Toernooi in Kaapstad gaan deelneem.


Die toernooi, bekend as die Perfect Delivery Inter-Districts, vind van 8 tot 13 Maart plaas en word vanjaar deur die Western Province Bowling Association aangebied. Spelers van regoor die land sal meeding in hierdie hoogtepunt op die rolbalkalender.

Claassen en Muller verteenwoordig die NFS Ope-span en dra met trots die Vrystaatse kleure. Hul deelname aan dié toernooi is 'n besondere prestasie en getuig van harde werk, deursettingsvermoë en toewyding aan die sport.

Soos altyd het die Heilbron-gemeenskap saamgestaan om hul spelers te ondersteun. Altesaam 16 spanne het vir die fondsinsamelingskompetisie ingeskryf, wat vir 'n aand van goeie gees, sportmangees en gesonde mededinging gesorg het. Die klubterrein was gevul met entoesiasme terwyl spelers hul beste gelewer het om by te dra tot die twee spelers se reis na die Kaap.

Die bestuur van die Heilbron Rolbalklub het hul opregte dank uitgespreek teenoor elke span, borg en ondersteuner wat die aand moontlik gemaak het. "Dit wys net weer wat 'n hegte gemeenskap ons het. Ons is trots op Hannalie en Sonja en wens hulle alle sterkte toe vir die toernooi"

Met die gemeenskap se ondersteuning agter hulle vertrek Claassen en Muller binnekort Kaapstad toe met die wete dat Heilbron bankvas agter hulle staan.



*Op die foto vl: Suné Els, Rose Broodryk, Marietjie Pieterse en Thea Potgieter.*

*Foto regs: Jumé Jovner*





*Op die foto bo: Koos Bierman en NJ Oosthuizen. (Oudste en jongste speler van die aand)*



*Op die foto vl: "Best dress" vir die aand. Jolandri Mienie, Riana Adlem, Christelle Adlem en Chandré Nortjé.*

## Semi-finaal koors in Heilbron

### *Lions Liga T20 Aksie dié Naweek*

Heilbron krieketliefhebbers kan hulself gereed maak vir opwindende T20-aksie wanneer die plaaslike span hierdie naweek in die semi-finaal van die Lions Liga teen Route 66 te staan kom. Die wedstryd vind plaas by Hoërskool Heilbron en beloof om 'n spannende kragmeting te wees.

Indien reën sou inmeng, sal die wedstryd die daaropvolgende naweek om 14:00 op dieselfde veld gespeel word.

Met 'n plek in die finaal op die spel, is die span vasberade om deur te dring na die eindstryd. Indien hulle die semi-finaal wen, sal hulle in die finaal teen óf Vanderbijlpark óf Meyerton te staan kom, afhangend van die uitslag van die ander semi-finaal.

Die groot finaal vir die Lions-beker word op 21 Maart beslis.

Ondersteuners word hartlik uitgenooi om die span te kom ondersteun. Toeskouers is welkom om langs die veld saam te kuier en te braai terwyl hulle die aksie geniet.

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SAS tel:067%20069%208383 WEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -9 MAART 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG -10 MAART 2026
VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
WOENSDAG - 11 MAART 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
DONDERDAG - 12 MAART 2026
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
VRYDAG - 13 MAART 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za